



Brief aan ma

Ursula Nafula
Afrikaans

Ma was besig om haar klere in 'n klein sak klaar te pak.





Toe sy by die deur uit loop het sy my omhels en gesê: "Tot siens vir nou."

"Waar gaan jy, Ma?" het ek na haar
op gekyk en gevra.





Ek het begin om te huil en wou haar volg, maar pa het my opgehewe en op sy skouer gelig.

Pa het gesê: "Jou ma gaan na die hospitaal om 'n baba te kry."



Toe ek "baba" gehoor het, het ek opgehou huil. "Hoekom gaan sy die baba by die hospitaal kry?" het ek hom gevra.





Pa het my op 'n klein stoel gesit en gesê: "Ek sal jou vertel hoekom sy die baba by die hospitaal gaan kry."

Ek het skerp na hom geluister alhoewel ek nie heeltemal verstaan het nie waarom sy nie net die baba by die huis kon gekry het nie. Toe pa klaar verduidelik het, het ek gevra: "Sal sy my nog lief he wanneer sy met die ander baba terug kom?"



My pa het my stafvas gehou en
gesê: "Ons sal jou altyd lief hê."

"Kan ek 'n brief aan haar skryf terwyl sy daar is?" het ek pa gevra.



Daardie aand het ek 'n brief aan my
ma begin skryf.





Ek het 'n stik papier uit my oefening
boek uitgeskeer en begin skryf ...

"Mamma, Mamma, pa het gesê dat
jy nog 'n baba gaan bring..."



... Skud op en keer asseblief vinning
huis toe...





...Ek wil hê jy moet 'n meisie bring,
sodat ek met haar kan speel as sy
groot word...

...Jy kan twee bring sodat een myne
kan wees...





... Ek wag vir jou hier buite ons huis.
"

Ek het my brief gevou sodat ek dit vir my pa gaan gee om my ma toe te neem.

Toe ek die volgende oggend wakker word, was die brief weg.



Brief aan ma

Writer: Ursula Nafula

Illustration: Catherine Groenewald

Translated By: Jenny da Costa

Language: Afrikaans



© African Storybook Initiative, 2014



This work is licensed under a Creative Commons Attribution
(CC-BY) Version 3.0 Unported Licence

Disclaimer: You are free to download, copy, translate or adapt this story and use the illustrations as long as you attribute or credit the original author/s and illustrator/s.

Saide 
South African Institute
for Distance Education

www.africanstorybook.org
A Saide Initiative